**CHANGE – Bybelstudie - Week 4:**

*Hieronder is 'n teksvers vir elke dag van die week. Die challenge is om elke dag van die week die vers vir die dag te lees, daaroor te gaan nadink en dan in hierdie week dit met iemand te deel – op enige manier wat vir jou werk. Vra vir jouself: Wat beteken dit vir jou? Wat dink jy wil die Here vir jou daarin sê? Hoe daag dit jou uit om anders te begin dink en anders te praat en anders te leef?*

**Maandag: Jakobus 2:14** *"Wat help dit as 'n mens beweer dat hy glo maar sy dade bevestig dit nie...?"* **en 2:17** *"as geloof nie tot dade oorgaan nie, dan is dit sonder meer dood."*

**Dinsdag: 2 Korintiërs 5:8-9** *"Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon. Maar of ons hier woon, of daarw oon, ons het net een wens en dit is om te lewe soos Hy dit wil."*

**Woensdag: 1 Timoteus 1:11-12** *"Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid. In die goeie wedloop vn die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe s prys behaal."*

**Donderdag: 2 Tessalonisense 1:11** *"Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak."*

**Vrydag: Romeine 8:8** *"Julle word nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle."*

**Saterdag: Romeine 12:1** *"En nou doen ek 'n beroep op julle op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van die godsdiens wat jule moet beoefen."*

**Sondag: Hebreers 10:35-36** *"Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie; dit hou groot beloning in. Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het."*